



Hoërskool

Jim Fouche



VOLUME 26

SEDERT 1959

\*

SAAI OM TE OES

23 OKT 2026



OKT

EKSAMEN BEGIN  
GR 10 & 11

Volg JF  
SOSIALE  
MEDIA

24

VAT VLAM

26

2

EKSAMEN  
BEGIN  
GR 8 & 9

op Facebook @JFamptelik

op TikTok @jfamptelik

op Instagram @jfamptelik

#DROOMGROOTDROOMJF

www.jf.co.za

# Oktober



## 24 ORT 2026

## Die Piesangskille

**Hoërskool Jim Fouché**

Volwasseenes: R 150  
Leerders: R 100  
Voorskool: Gratis





**Hoërskool Jim Fouché**

Kaartjies beskikbaar op **Quicket**  
Kaartjies by hekke ook beskikbaar

**Vir meer inligting, kontak: Merice - 063 202 6387/ bemarking@jf.co.za**

- 🔥 Hekke open om 16:00 - Ingang Begonia en Wildeals str.
- 🔥 Parkering op Laerskool Jim Fouché rugbyveld beskikbaar - Ingang Wildeals str.
- 🔥 Piesangskille begin om 19:00
- 🔥 Braai/leisvure
- 🔥 Piekniekmandjie welkom, onthou kampstoel
- 🔥 Stalletjies beskikbaar vir eet- en drinkgoed
- 🔥 Pretpark vir kinders

|                                                                                                                                                                                                   |                                          |                                                              |                                       |                                                                                                                                                                               |                                                                                                                        |
|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------|--------------------------------------------------------------|---------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
|  <p>19</p> <p><b>18:00 - Prysuitdeling by Doxa Deo</b></p> <p><b>MATRIEK: Eksamen</b></p> <p><b>Fotodag 1</b></p> | <p>20</p> <p><b>Netbal: Aandliga</b></p> | <p>21</p> <p><b>JF FJ</b></p>                                | <p>22</p> <p><b>Kerssangdiens</b></p> | <p>23</p> <p><b>VAT LAM</b></p>                                                                                                                                               | <p>24</p> <p><b>25</b></p> <p></p> |
| <p>26</p> <p><b>EKSAMEN BEGIN GR 10 &amp; 11</b></p> <p><b>MATRIEK: Eksamen</b></p>                                                                                                               | <p>27</p>                                | <p>28</p> <p><b>JF FJ</b></p> <p><b>MATRIEK: Eksamen</b></p> | <p>29</p>                             | <p>30</p> <p><b>Voortrekkers Prysuitdeling</b></p> <p></p> <p><b>MATRIEK: Eksamen</b></p> | <p>31</p> <p></p>                 |

**Eksamen-rooster op bl 7**



# 2027

## BEGROTINGS-VERGADERING

DIE JAARLIKSE BEGROTINGSVERGADERING VIND OP DIE VOLGENDE DATUM PLAAS:

---

DATUM: 29 OKTOBER 2026  
TYD: 18:00  
PLEK: SKOOLSAAL





# Hoërskool Jim Fouché

BIED AAN



## Die Piesangskille

24  
ORT  
2026



HOËRSKOOl JIM FOUCHÉ  
SPORTGRONDE

VOLWASSENES: R 150

LEERDERS: R 100

VOORSKOOl: GRATIS

Kaartjies beskikbaar op Karri en

**Quicket**

- 🔥 Hekke open om 16:00 - Ingang Begonia en Wildeals str.
- 🔥 Parkering op Laerskool Jim Fouché rugbyveld beskikbaar - INGANG in WILDEALS STRAAT.
- 🔥 Sangkompetisie begin om 17:00
- 🔥 Piesangskille begin om 19:00
- 🔥 Braaivleisvure
- 🔥 Piekniekmandjie welkom, onthou kampstoel
- 🔥 Stalletjies beskikbaar vir eet- en drinkgoed
- 🔥 Pretpark vir kinders

KONTAK MERICE

☎ 063 202 6387 ✉ [bemarking@jf.co.za](mailto:bemarking@jf.co.za)

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Baie geluk aan elke leerder wat die afgelope paar weke erkenning ontvang het vir pligsgetroue en harde werk op die akademiese, sport- en kultuurgebied. JF is baie trots op elke prestasie wat gelewer is, en ek glo dat dit jul verder sal motiveer om net nog beter te doen in 2027.

Sedert die begin van die vierde kwartaal was dit omtrent 'n miernes van bedrywighede van die koshuis se Kersfunksie en aankondiging van hul hoofleiers vir 2027, fotodag, die netbal se aandliga, die JF -atletiekbyeenkoms, talle krieketwedstryde, die prysuitdelingsfunksie, die matrieks se groetaand en laaste dag, en die afgelope Vrydag se geesboudag. Wat 'n mondvol! Elke geleentheid was baie suksesvol aangebied en het in egte JF styl plaasgevind. Baie dankie aan elke personeellid wat voor en agter die skerms baie hard gewerk het. Julle bydrae word opreg waardeer.

Baie geluk aan die volgende leerders wat verkies is om in 2027 in leiersposisies op te tree:  
Skool:

Josua Deacon (Hoofseun); Franco de Necker (Onderhoofseun); Jomari Siebert (Hoofdogter) en Miené Spies (Onderhoofdogter)

Koshuis:

Johannes de Klerk (Hoofseun); Sakkie Richter (Onderhoofseun); Lin-Mari van Zyl (Hoofdogter) en Sumarie Oosthuizen (Onderhoofdogter).

Ons sien uit na 'n opwindende 2027 en droom saam met julle oor die potensiaal wat in hierdie pragtige skool van ons opgesluit lê.

Komende Saterdagmiddag, 24 Oktober 2026, tree die Piesangskille by JF op. Kaartjies sal by die hekke beskikbaar wees. Bring jul kampstoele en piekniekmandjies saam, ondersteun die kosstalletjies en geniet 'n heerlike, ontspanne aand van musiek en kuier om sodoende die jaar op 'n hoogtepunt af te sluit.

Die matriekeindeksamen is in volle swang. Kom ons bly bid vir ons matrieks van 2026, kom ons bly glo in hulle en kom ons bly hul aanmoedig tot hoër hoogtes... Baie baie sterkte!



Die res van die skool het reeds hul November-eksamenrooster ontvang. Bestudeer dit asseblief saam met u kind, stel studieroosters op en motiveer u kind om alles in te sit... Die kalf is nog nie in die put nie! Volgens die bestuursplan, in ooreenstemming met die departement se bestuursplan, sal die rapporte op 9 Desember 2026 uitgedeel word. Later sal meer inligting oor hierdie aangeleentheid verstrek word.

Neem asseblief kennis van die begrotingsvergadering wat op Donderdag 29 Oktober 2026 gehou sal word. Die tyd is 18:00 in die skoolsaal. Die begroting van 2027 is vir insae in die kantoor beskikbaar. Baie dankie aan die finansiële komitee van die beheerliggaam wat regtig baie moeite gedoen het ter voorbereiding van hierdie belangrike vergadering. Met die wysigings in die SA Skolewet word 'n 10% kworum van bywoning vir hierdie vergadering vereis. Hierdie is 'n vriendelike, tog dringende uitnodiging na die vergadering op die 29ste Oktober.

Tot ons weer gesels, en terwyl die winkels getooi word in kersversierings, is dit met 'n dankbare hart dat ek u groet uit die kantoor.

Ek sluit af met die volgende treffende aanhaling:

*"Your scars prove that you have a past... Christ's scars prove that you have a future..."*



**Vriendelike JF-groete  
Henri Wilken**

Rolani van den Berg



DUX  
*Saai om te oes*  
LEERDER  
JAARPUNT GEMIDDELD 91,7%

Melani Slabbert



VEELSYDIGHEIDS-  
*Saai om te oes*  
TROFEE



Danell Delofse



VAN WYK  
*Saai om te oes*  
FAMILIETRUST-TROFEE  
EKOMONIE 86%

Elvire van Niekerk



HOLTZHAUSEN  
*Saai om te oes*  
TROFEE



*Miené Spies*  
Onderhoofdogter  
*Jomari Siebert*  
Hoofdogter  
*Josua Deacon*  
Hoofseun  
*Franco de Necker*  
Onderhoofseun

# HOOFLIERS 2027



# Eksamenrooster – November

| DATUM | GRAAD 8        | GRAAD 9             | GRAAD 10                             |                              | GRAAD 11                                                 |                |
|-------|----------------|---------------------|--------------------------------------|------------------------------|----------------------------------------------------------|----------------|
|       |                |                     | Oggend                               | Middag                       | Oggend                                                   | Middag         |
| 26/10 |                |                     | Eng P2 (2)                           | Eng P3 (2½)                  | Afr V2 (2½)                                              |                |
| 27/10 |                |                     | Afr V1 (2)                           |                              | IGO V1 (2½)                                              | LO (2½)        |
| 28/10 |                |                     | RTT V2 (2½)                          |                              | RTT Prakties (3)                                         |                |
| 29/10 |                |                     | Afr V2 (2½)                          |                              | VBS (3)<br>Geo V1 (2½)<br>Drama (3)                      |                |
| 30/10 |                |                     | RTT Prak (3)                         | LO (2½)                      | Eng P2 (2)                                               | Eng P3 (2½)    |
| 2/11  | NW Materie (1) | LO (2)              | Rek V1 (2)<br>Gesk (3)               | IGO V1 (2)                   | LWet V1 (2½)                                             | Afr V3 (3)     |
| 3/11  | VERKIESING     |                     |                                      |                              |                                                          |                |
| 4/11  |                |                     |                                      |                              |                                                          |                |
| 5/11  |                |                     |                                      |                              |                                                          |                |
| 6/11  | Wisk V1 (2)    | SW Gesk (1½)        | FWet V1 (3)                          | Afr V3 (3)                   | LWet V2 (2½)                                             | Afr V1 (2)     |
| 9/10  | Wisk V2 (2)    | Teg (2)             | FWet V2 (3)                          | Vis Kuns (3)                 | Rek V1 (2)                                               | Toerisme (3)   |
| 10/11 | LO (1½)        | SK (2)              | Rek V2 (2)<br>Geo V1 (2½)            |                              | IGO V2 (2½)                                              |                |
| 11/11 | SW Gesk (1½)   | Afr (2½) GEC        | Eng P1 (2)                           |                              | Rek V2 (2)                                               |                |
| 12/11 | Eng (1½)       | SW Geo (1½)         | Best (2)                             |                              | Eng V1 (2)                                               |                |
| 13/11 | EBW (1½)       | Wisk V1 (2½)<br>GEC | Wisk V1 (2)<br>Wisk G V1 (1½)        |                              | Wisk V1 (3)<br>Wisk G V1 (2)                             |                |
| 16/11 | NW Lewe (1)    | Wisk V2 (2½)<br>GEC | Wisk V2 (2)<br>Wisk G V2 (1½)        |                              | Wisk V2 (3)<br>Wisk G V2 (2)                             |                |
| 17/11 | Teg (1½)       | EBW V1 (2)<br>GEC   | Ekon V1(2)<br>LWet V1 (2½)           |                              | Geo V2 (2½)<br>Musiek V1 (3)<br>Drama (3)                | Musiek V2 (1½) |
| 18/11 | Afr (2)        | Eng (2½) GEC        | Toerisme (2½)<br>Musiek V1 (2½)      | Musiek V2 (1½)<br>IGO V2 (2) | RTT V2 (3)                                               |                |
| 19/11 | SK (1)         | NW (2) GEC          | Ekon V2 (2)<br>LWet V2 (2½)          |                              | Best (2½)                                                |                |
| 20/11 | SW Geo (1½)    | EBW V2 (2)<br>GEC   | VBS (2½)<br>Geo V2 (2½)<br>Drama (3) |                              | FWet V1 (3)<br>Kuns (3)                                  |                |
| 23/11 |                |                     |                                      |                              | FWet V2 (3)                                              |                |
| 24/11 |                |                     |                                      |                              | Wisk Xklas<br>G12 sillabus<br>8:00 – 13:00               |                |
| 25/11 |                |                     |                                      |                              | Wisk Xklas<br>FWet Xklas<br>G12 sillabus<br>8:00 – 13:00 |                |
| 26/11 |                |                     |                                      |                              | FWet Xklas<br>G12 sillabus<br>8:00 – 13:00               |                |

*Sterkte, leer hard!*



# AKADEMIE

## INGEE VAN HANDBOEKE: **GR. 12**

**7:15**

1. Meld vanaf 07:15 by die handboekstoor (K. 18) aan om die boeke in te gee. NB: Veral wanneer groot groepe bv. Wisk, Wisk G, Fis Wet, Afr en Eng skryf.

Leerders wat die middagsessie skryf, meld vanaf 13:00 by die handboekstoor aan (K. 18) om die boeke in te gee.

Die handboeke moet ingee word vóór die leerders die oggend begin skryf. (Nà die tyd is daar niemand by die boekestoor nie.)



2. Boeke mag nie net voor die stoor se deur op die grond neergesit word nie. Leerders moet seker maak dat hul name op die boekelyste afgemerk word.



3. Die betrokke vak wat die dag geskryf word, se handboeke moet op dieselfde dag ingehandig word. Moet nie die boeke hou en eers aan einde van eksamen al die handboeke inhandig nie.

**Elke dag se boeke word daagliks ingehandig.**

4. Verwyder alle "tags"/merkers of papiere uit die handboeke uit.

5. Wanneer 'n handboek nie ingehandig is nie of wanneer dit beskadig is, moet die leerder vir die handboek betaal.

6. Die leerder se naam moet voor in die boek geskryf wees.

7. Elkeen handig sy eie handboek in.  
(Maats handig nie mekaar se boeke in nie.)



**Baie dankie vir julle samewerking en sterkte vir die eksamen.**



# AKADEMIE

## INGEE VAN HANDBOEKE GRAAD 8 – 11



·Die leerder se naam en klas moet voor in die boek ingeskryf wees.



·Haal alle **GEKLEURDE** "tags", "sticky notes", **merkers of enige papiere uit die handboeke uit.**

·Sorg dat die handboek **netjies** oorgetrek is.

·Wanneer 'n handboek nie ingehandig word nie, moet die leerder vir die boek betaal. Volle tarief van die boek.

·Wanneer die boek beskadig is, moet die leerder 'n R110 herstelkoste betaal.

### **Beskadig is wanneer:**

- buiteblaaie af of geskeur is
- enige penmerke of highlighter merke in die boek is
- die boek in 'n swak toestand met los blaaie is

Wanneer die boek nat geword het of enige waterskade het moet die leerder die volle tarief vir die boek betaal aangesien ons nie weer die boek kan aan 'n leerder kan uitreik nie.

***Baie dankie vir u samewerking in dié verband.***





# 2027

## BEGROTINGS- VERGADERING

DIE JAARLIKSE BEGROTINGSVERGADERING  
VIND OP DIE VOLGENDE DATUM PLAAS:

---

DATUM: 29 OKTOBER 2026  
TYD: 18:00  
PLEK: SKOOLSAAL



*U teenwoordigheid is van uiterste belang en sal waardeer word.  
Die begroting sal 14 dae voor die vergadering by die skool ter insae wees.*



# Hoërskool Jim Fouché

## KENNISGEWING AAN OUERS: JAARLIKSE BEGROTINGSVERGADERING

Geagte Ouer/Voog

Ingevolge artikel 38 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996, gee die beheerliggaam van Hoërskool Jim Fouché hiermee kennis van die jaarlikse begrotingsvergadering vir ouers.

Datum: 29 Oktober 2026  
Tyd: 18:00  
Plek: Skoolsaal

By hierdie vergadering sal die voorgestelde begroting vir die 2027 finansiële jaar aan alle ouers voorgelê word vir oorweging en goedkeuring. Die begroting weerspieël die beraamde inkomste en uitgawes van die skool vir die komende jaar en is van deurslaggewende belang vir die doeltreffende funksionering van die skool.

Die 2027 voorgestelde begroting volg na 'n deurdagte begrotingsproses. Inkomste (skoolfonds, koshuisfooie, staatsbefondsing en andere) en uitgawes (salarisse, akademie, sport, kultuur, leerderondersteuning, administrasie, grond en geboue, kapitaalprojekte, munisipale dienste, bemarking en koshuis) vir 2027 sal na raming R37.076 miljoen respektiewelik beloop.

Ten einde die begroting te befonds sal die volgende voorgestelde fooie vir 2027 ter tafel gelê word:

| 2026 Skoolfonds                  |                                   | 2027 Voorgestelde Skoolfonds      |                                   |
|----------------------------------|-----------------------------------|-----------------------------------|-----------------------------------|
| Graad 8 tot 11:                  | R2 520.00 per maand vir 11 maande | Graad 8 tot 11:                   | R2 760.00 per maand vir 11 maande |
| Graad 12:                        | R2 570.00 per maand vir 11 maande | Graad 12:                         | R2 810.00 per maand vir 11 maande |
| 2026 Koshuisfooie                |                                   | 2027 Voorgestelde Koshuisfooie    |                                   |
| R3240.00 per maand vir 12 maande |                                   | R3 500.00 per maand vir 12 maande |                                   |

Skoolfonds verhoog dus met R240.00 per maand per leerder en koshuisfooie met R260.00 per maand per leerder.

Die volledige voorgestelde begroting sal vanaf 14 Oktober 2026 by die skoolkantoor vir insae beskikbaar wees.

'n Kworum van minstens 10% van die ouers word vereis vir hierdie begrotingsvergadering. Ons doen 'n ernstige beroep op alle ouers om hierdie belangrike vergadering by te woon en aktief deel te neem aan die besluitnemingsproses. Die besluite wat geneem word, het 'n direkte invloed op die gehalte van die onderrig en die beskikbaarheid van hulpbronne aan ons leerders.


Ons sien daarna uit om u by die vergadering te verwelkom en waardeur u betrokkenheid by die skool se sake.

Vriendelike groete

Mnr. Rian Marais  
Voorsitter: Beheerliggaam  
Hoërskool Jim Fouché  
22 September 2026



# Finansies:



Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning en samewerking om u skoolfondsrekening op datum te hou.

## Graad 8 – 11:

R27 720  
R2 520 – per kind per maand oor 11 maande (Januarie – November)

## Graad 12:

R28 270  
R2 570 – per kind per maand oor 11 maande (Januarie – November)

## Skool se bankbesonderhede:

NEDBANK  
Tjekrekening  
Takkode: 198 765  
Rekeningnommer: 115 333 6758  
Verwysing: Gesinsnommer

Dit is baie belangrik dat u die regte verwysing gebruik ten einde die finansieskantoor in staat te stel om u betaling na u rekening te allokeer. Rekeninge word maandeliks per e-pos gestuur.

Kontroleer asseblief gereeld u staat en bring enige probleme so spoedig moontlik onder ons aandag.

Kontak Christelle Swanepoel vir enige navrae of indien u nie u rekening ontvang nie, by [finans@jf.co.za](mailto:finans@jf.co.za)

Kontak Hannelie Maritz rakende agterstallige skoolfonds by [skoolfonds@jf.co.za](mailto:skoolfonds@jf.co.za)

U gaan aan die einde van Oktober 2026 'n volledige jaarstaat ontvang. Kontroleer asseblief dat al u betalings korrek reflekteer.

## Kwytskeldings 2026:

DAansoekvorms vir kwytskeldings/vrystelling sal eers in 2027 beskikbaar wees. Relevante datums sal betyds aan u gekommunikeer word.

## Agterstallige skoolfonds:

Die skool het begrip dat onvoorsiene omstandighede/uitdagings soms ontstaan en wil u verseker dat u met vrymoedigheid die skool kan kontak om te poog om alternatiewe reëlings te tref. Indien u wel 'n reëling tref versoek die skool dat u dit streng sal nakom aangesien agterstallige skoolfonds 'n daadwerklike invloed op die skool se beplanning het.

Kontak Hannelie Maritz vir enige navrae of reëlings in die verband by [skoolfonds@jf.co.za](mailto:skoolfonds@jf.co.za).



## KARRI:

Betalings vir verskeie aktiwiteite by die skool word op 'n gereelde basis op die Karri-toep gelaai. Maak asseblief seker dat u die Karri-toep gereeld besoek, en let op kennisgewings in dié verband wat per e-pos gestuur word via die toep.

Ons doen 'n dringende beroep op u om asseblief te let op die sperdatum vir elke Karri-insameling en vra u samewerking om getrou by hierdie datums te hou.

Die volgende insamelings sluit binnekort:

| Beskrywing                                         | Sperdatum vir betaling |
|----------------------------------------------------|------------------------|
| Buitelugskool: Opsie 2: Eerste van Vier Paalemente | 31 Oktober 2026        |
| Konsessiefooie                                     | 1 November 2026        |
| Oester: Eerste Uitgawe van 2026                    | 1 November 2026        |
| Matriek Pullovers                                  | 2 November 2026        |

Kontak Marlene Smith vir enige navrae by [finansies@jf.co.za](mailto:finansies@jf.co.za)



**MA'S WAT OMGEË**

**MAAR DIT SAL  
EK TER HARTE  
NEEM  
EN OM DIÉ  
REDE BLY EK  
HOOP:  
DEUR DIE  
LIEFDE VAN  
DIE HERE  
HET ONS NIE  
VERGAAN NIE;  
DAAR IS GEEN  
EINDE AAN SY  
ONTFERMING  
NIE**

**KLAAGLIED 3:21**



# #JFbid

Beste ouers,  
Kom bid saam vir ons  
kinders en ons skool.

Tyd:

Woensdae

07:30 – 08:00

Plek:

JF-Konferensielokaal

VIR NAVRAE, KONTAK GERUS VIR CHRISNA BY 082 445 3477

UIT DIE KANTOOR VAN DIE

LEERDER  
ONDERSTEUNING  
ONTWIKKELING

100

[ontvangs.l002@jimfouchehs.com](mailto:ontvangs.l002@jimfouchehs.com)

# HOU MOED TOT DIE EINDE VAN DIE JAAR!


Ons is nou in die laaste deel van die jaar en vir baie van ons is hierdie 'n uitdagende tydperk. Ons kyk reeds terug na die jaar met moeilike dae, teleurstellings en oomblikke wat nie uitgewerk het nie! Maar onthou: Jy het al so ver gekom! Moenie vergeet van al die harde werk, opofferings en deursettingsvermoë wat jou tot hier gebring het nie.

Die laaste deel van die jaar is nie die tyd om tou op te gooi nie, dit is juis nou die tyd om vas te byt en met moed voort te gaan. Hou aan om elke dag te probeer en jou beste te doen!

Ons kan nie noodwendig kies wat met ons gebeur nie, maar ons kan kies hoe ons daarop reageer. Wanneer daar uitdagings kom, kies om positief te bly. Wanneer jy moeg raak, rus 'n bietjie, maar moenie op jou drome opgee nie. Wanneer jy foute maak, leer daaruit en probeer weer.

Aan die einde van die jaar moet ons mekaar ondersteun, mekaar aanmoedig en trots wees op mekaar se vordering. Soms is 'n vriendelike woord of 'n glimlag presies wat iemand nodig het om weer moed te skep.

Wanneer  
jy foute  
maak,  
leer  
daaruit  
en  
probeer  
weer.



Die jaar is nog nie verby nie en jou storie vir die jaar is nog nie klaar geskryf nie. Daar is steeds tyd om jou beste te gee, om hoogtes te bereik en die jaar met trots af te sluit!

Mag ons aan die einde van hierdie jaar kan terugkyk en sê: "Dit was nie altyd maklik nie, maar ek het nie opgegee nie. Ek het aangehou, ek het geleer en ek het my beste gee!"

# Waardes

## Dankbaarheids-Donderdag 2 VOORBEELDE VAN DANKBAARHEID IN DIE BYBEL

'n Goeie voorbeeld van iemand wat 'n dankbare hart gehad het, was koning Dawid. Sy lewe was nie maklik nie. As jong man moes hy vir sy lewe vlug van koning Saul af. Hy het baie vyande gehad en het ook persoonlike foute gemaak. Tog sien ons deur sy hele lewe dat hy steeds aangehou het om God te dank en te prys. Hy het dit gedoen deur liedere en gebede te skryf en te sing. Selfs wanneer hy bang was, was hy in dankbaarheid besig om God te loof. Dawid wys vir ons dat dankbaarheid nie nét in goeie tye moontlik is nie. 'n Dankbare mens onthou God se goedheid in alle omstandighede – ook wanneer dinge moeilik is. Dankbaarheid help ons om ons oë op God te hou en nie op ons probleme nie. Kom ons luister na 'n paar verse wat Dawid geskryf het:

In Psalm 100 vers 4 staan: "Gaan sy poorte in met dankliedere, want die Here is goed. Aan sy liefde is daar geen einde nie." Wat die vers veral merkwaardig maak, is dat Dawid deur 'n geweldige moeilike tyd gegaan het toe hy hierdie woorde geskryf het.

In Psalm 118 vers 24 verklaar Dawid: "Dit is die dag wat die Here gemaak het, laat ons daarvoor juig en dankbaar wees!" Ons moet in gedagte hou dat Dawid hier vir sy lewe gevrees het omdat 'n jaloerse koning Saul hom wou doodmaak. Verder het Dawid vier seuns aan die dood afgestaan deur tragiese of gewelddadige gebeurtenisse. Steeds het hy dankbaar gebly.

Ook Habakuk is 'n pragtige voorbeeld van 'n dankbare Bybelse persoon. In Habakuk 3 vers 17 tot 19 lees ons hierdie bekende woorde: "Al sou die vyeboom nie bot nie en daar geen druiwe aan die wingerde wees nie, al sou die olyfoes misluk en die lande geen oes lewer nie, al sou daar geen kleinvee in die kampe meer wees nie en die beeskrale sonder beeste wees, nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God my redder. Die Here my God gee vir my krag. Hy maak my voete soos dié van 'n ribbok, op hoë plekke laat Hy my veilig loop."

Die vraag is: Is jy dankbaar in moeilike tye?

Hemelse Vader, ons kom erken vandag dat ons nie naastenby dankbaar genoeg is nie. Ons kla soms oor die kleinste dingetjies wat nie na ons sin is nie. Ons kom bely ons ondankbaarheid en vra dat U ons daarvoor sal vergewe. Maak ons dankbare mense, asseblief Here. In U heilige naam vra ons dit. Amen.

*Dit is die  
dag wat  
die Here  
gemaak het,  
laat ons  
daarvoor  
juig en  
dankbaar  
wees*



# Kultuur

## NASIONALE FINALE REDENAARS

*Marla Kruger*

### Radikale Redenaars Nasionale uitslae:

Baie geluk aan Marla Kruger wat Nasionaal die eerste plek in die voorbereide leesafdeling (prosa) verower het.

Dit is voorwaar 'n uitstekende prestasie.



*Lumaé van der Heever & Leané Adriaanse*

Lumaé en Leané het op 17 Oktober 2026 aan die *Free State Stage and Arts Championships* in Bloemfontein deelgeneem.

Hulle uitslae is as volg:

#### **Lumaé:**

*Hip-Hop Duo: A++*

*Contemporary Small Group: A+++*

#### **Leané:**

*Hip Hop Small Group: A+++*

(As "Finale Vyf" gekies.)

*Street Show Small Group: A+++*



# DANS

# BESTEL NOU JAARBLAD

FOTOBOK vir 2026

2026



R170



**Vorentoe!**  
**VOORSLAG VOORTREKKERS**

**In Samewerking Met**

**Pick n Play**  
**Towers**

**24 Oktober 2026**

**09:00 tot 14:00**

**Ondersteun Die Voortrekkers  
se Worsbroodjie-stalletjie by  
PnP Towers Langenhovenpark.**



# HELP PROTECT NAVAL HILL'S TREES

COMMUNITY CHARITY WORK MORNING

SATURDAY • 24 OCTOBER 2026 • 08:00–11:00

Help us build wooden-and-wire protective cubes around young trees and shield them from grazing antelope.



**BUILD**



**WRAP**




**PROTECT**

## BRING YOUR OWN



PLIERS • PROTECTIVE GLOVES  
WATER • SUNSCREEN • SUN HAT

## WE PROVIDE



WOODEN POLES • WIRE MESH • BINDING WIRE



MEET AT LAST YEAR'S TREE-PLANTING SITE ON NAVAL HILL  
LOCATION PIN TO FOLLOW



Dress for hands-on  
outdoor work in the sun.

**EVERYONE WELCOME!**

FRIENDS OF FRANKLIN



# *Oester*

Die storie agter die stories

## JF-JP BOTHA ATLETIEK





# Joester F


die agter die stories

Volg ons op



## NETBAL AANDLIGA





Di... agter die storie

Volg ons op



# NETBAL AANDLIGA WENNNERS

**Best dressed :  
The Lorax**



**Seniors :  
1ste - The top dogs  
2de - Happy Gilmores**

**Juniors :  
1ste - Moedswengs  
2de - 007**

# SLUITKASSIE VIR

# 2027

Indien 'n leerder 'n sluitkassie vir 2027 wil bespreek, MOET die betaling die bespreking vergesel.

**Beperkte aantal  
kassies  
beskikbaar!**

Leerders wat in 2026 'n sluitkassie gehad het en DIESELFDE sluitkassie vir 2027 wil bespreek, moet dit teen 23 Oktober 2026 bespreek en betaal.

Vanaf 26 Oktober 2026 word die sluitkassies opgestel vir alle leerders.

Die koste per sluitkassie is R350-00 vir die jaar. SLEGS kaartbetalings of kontant asseblief.  
Geen EFT-betalings nie.

BESPREEK EN BETAAL OM TELEURSTELLING TE VOORKOM

**GEEN BESPREKING SONDER BETALING SAL  
GEMAAK WORD NIE!**

# Nuwe gedrukte

Spogstuk  
om te besitt!



Kan afgehaal word by  
Rekenaarsentrum 2 - me. Human

NUUT



# kombers

Subtitl

BESTEL & BETAAL OP KARRI  
130 X 150 CM



R390

